

TRAILBLAZERS

Voorloperramme in die Suffolk-ras

Die Suffolk-ras het sy ontstaan in Brittanje gedurende die 18de eeu, toe Norfolk-ooie met Southdown-ramme gekruis is. Die kruisings het goeie slagkarkasse opgelewer en teen 1910 was die Suffolk as 'n ras gevestig. Danksy die gewildheid van die Suffolk se goeie gehalte vleis, het die ras vinnig deur die Britse Eilande versprei. Vandag kom die ras in al die prominente skaap-produiserende lande voor. 'n Britse majoor wat destyds naby Westminster in die

Vrystaat gewoon het, het in 1896 die eerste Suffolk-skaap na Suid-Afrika ingevoer. Die Suffolk-skaaptelersgenootskap is in 1959 gestig en het vandag 41 lede.

Genetiese ontledings

SA Stamboek het die eerste genetiese ontleding van die Suffolk-ras in Junie 2018 uitgevoer. Speengewigte wat in die evaluasies ingesluit is, strek tot 1999 terug, met stambome wat tot 13 generasies diep is.


Teelwaardes word vir verskeie groei- en reproduksie-eienskappe voorspel, en volgens hul ekonomiese belangrikheid in die Logix Meriete-indeks (LMI) gekombineer. Indien seleksie- en paringsbesluite op die LMI gegrond word, kan produsente verseker wees van 'n gebalanseerde verbetering in die volgende generasie. Volgens hierdie indeks troon twee Suffolk-ramme bo die ander uit. Albei ramme is steeds aktief en prestasiegetoets.

Ram 284 21 0073

Otterkuil Boerdery in die Noorder-Paarl het ram 284 21 0073 geteel. Vandag is hierdie ram deel van CJ Theron se kudde by Memel. Hy het 257 speen-nageslag in vier kuddes, waarvan 24 dogters uit drie kuddes reeds lammers gespeen het. Sy dogters se gemiddelde ouderdom by eerste lam is 20 maande. Sy dogters het 46 kleinkinders opgelewer en sy seuns 23.

Dit blyk duidelik uit sy genetiese profiel dat hy lammers produseer wat voor en ná speen besonder goed groei, en dat sy dogters oor voldoende maternale vermoëns beskik om hul lammers goed groot te maak en swaar te speen. Sy dogters is vroeg geslagsryp en het die potensiaal om weer vinnig dragtig te raak ná lam. Hulle het ook besondere hoë genetiese vlakke vir aantal lammers gespeen (119) en totale gewig gespeen (129). Hierdie ram teel dus nageslag wat 'n goeie balans tussen groei, maternale vermoë en reproduksie handhaaf, met 'n voorspeense groei-indeks van 119, naspeense groei-indeks van 135, reproduksie-indeks van 128 en LMI van 126.

Figuur 1: Genetiese profiel van 284 21 0073.




Ram 301 20 0108

Hierdie ram is geteel en in die besit van Twee Seuns Suffolks in Barkly-Oos. Hy het 493 speennageslag in sewe kuddes, met 34 dogters uit twee kuddes wat reeds lammers gespeen het. Sy dogters se gemiddelde ouderdom by eerste lam is ook 20 maande, met 'n gemiddelde interlamperiode van 335 dae. Hy het 77 kleinkinders wat uit sy dogters gebore is en 189 uit sy seuns.

Hierdie ram toon uitmuntende vrugbaarheid en sterk speen-maternale eienskappe, met meer gematigde vlakke vir direkte groeivermoë. Sy genetiese profiel sluit 'n voorspeense groei-indeks van 115, naspeense groei-indeks van 100, reproduksie-indeks van 132 en LMI van 123 in.

Figuur 2: Genetiese profiel van 301 20 0108.



Beide ramme bied goeie genetiese koppeling in die ras, aangesien hulle nageslag oor verskillende kuddes het wat aan produksiemeting deelneem. Die gebruik van ramme soos hierdie dra daartoe by dat kuddes binne die genetiese ontleding akkuraat teenoor mekaar geskaal kan word, sodat die genetiese rangorde in die ras betroubaar vasgestel kan word. **VP**

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na bernice@studbook.co.za of besoek www.studbook.co.za